


# Meisies wat Grootgeword het om die Wêreld te Verander



Joan Beauchamp  
Procter




Lilian Bland




Joan Beauchamp  
Procter  
Dierkundige

Eendag het 'n meisie genaamd Joan haar ma en pa gevra om vir haar 'n troeteldier te kry. "Ek wil nie 'n hondjie of 'n katjie hê nie," het sy gesê. "Ek soek eerder 'n slang! En 'n paar akkedisse, asseblief."



Teen die tyd wat sy tien  
was, het Joan na baie  
reptiele omgesien.



Een van hulle, 'n groot  
Dalmatiese muur akkedis,  
was haar gunsteling, hulle  
het oral saam gereis en  
selfs met etenstyd langs  
mekaar gesit.



Toe sy ouer was, het Joan  
haar krokodil troeteldier  
skool toe geneem - tot  
groot verbasing van die  
onderwyseres!



Hierdie wesens het Joan gefassineer. Sy het 'n wêreldkenner in herpetologie geword - die afdeling van dierkunde wat te doen het met reptiele en amfibieë - en het 'n werk by die Britse Natuurmuseum gekry.



Toe het die Londense dieretuin haar eendag gevra om 'n nuwe reptielhuis te ontwerp. Sy het haar uitstekend van haar taak gekwyt en het 'n beroemde persoon geword.



Skare het saamgedrom om te kyk hoe sy luislange,  
krokodille en groot Komodo-drake gehanteer het. Sy  
was aangewys as kurator van reptiele.



'n Komodo-draak genaamd Sumbawa het Joan se spesiale troeteldier geword. Sumbawa het haar oral gevolg. Joan sou haar streel en paai, en vir haar hoender, duif en eiers voer. Soms het sy die draak "gelei" deur haar stert vas te hou.



Joan het hierdie diere so goed verstaan dat sy geweet het  
wanneer hulle siek was en presies wat om te doen om hulle  
beter te maak.



Haar eie gesondheidsprobleme was egter moeiliker om te genees. Sy was voortdurend in pyn en was vir 'n groot deel van haar lewe. Maar dit het haar nie gekeer om haar passie te volg nie – selfs al het dit beteken om in 'n rolstoel te gaan werk, met Sumbawa wat gelukkig agter haar aanstap het.



Lilian Bland

Vlieënier



Die eerste keer toe Lilian in 'n vliegtuig was, was dit saam met haar kêrel. Hy het haar in sy sweeftuig opgeneem, maar toe sy vra: "Kan ek dit vlieg?" hy het nee gesê, en Lilian het baie kwaad geword.




Kort daarna het Lilian se oom Robert vir  
haar 'n poskaart gestuur van sy eie  
vliegtuigie wat oor Parys gevlieg het. Lilian  
was in verwondering. Sy het dadelik  
teruggeskryf en hom gesmeek om haar as  
passasier aan boord te neem. Maar haar  
oom het ook nee gesê.



“Goed, ek sal dit by myself moet doen,” het Lilian gedink. Maar in daardie tyd was dit nie so maklik om 'n vliegtuig in Ierland te kry nie. “Geen probleem,” het sy aan haarself gesê. “Ek sal een bou”



Lilian het alles geles wat  
sy kon vind, deur die  
Wright-broers en ander  
bekende vlieëniers, oor  
hoe om 'n vliegtuig te bou.




Sy het daarin geslaag om 'n vliegbare vliegtuig te bou - 'n vliegtuig met twee pare vlerke - en het toe voortgegaan om 'n volskaalse sweeftuig te bou, net soos die een wat haar kêrel haar nie toe gelaat het om te vlieg nie.

Sy het haar sweeftuig die '*Mayfly*' genoem – want, soos sy gesê het, “Dit kan vlieg, (of) kan nie vlieg!”



Lilian het die Mayfly met 'n enjin toegerus en 'n mooi gelyk stuk leë grond gevind en dit as 'n aanloopbaan gebruik. Sy kon nie wag om te sien of haar sweeftuig van die grond af sou lig nie. Die enigste probleem was dat die vliegtuig geen tenk gehad het om die brandstof te hou nie. "Maak nie saak nie," het sy gedink. "Ek sal eerder 'n leë bottel gebruik."



Dis presies wat sy gedoen het – en die vliegtuig het sowat tien sekondes lank gesweef.

Die Mayfly – ontwerp, gebou en gevlieg deur die wonderlike, vindingryke Lilian Bland – was die eerste aangedrewe vliegtuig in Ierland.



